NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# BELEID OOR BORSVOEDING IN DIE WERKPLEK

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 3P_3.20C |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur<br>Uitvoerende Direkteur: Studentelewe |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Werknemerverhoudinge<br>Direkteurs: Studentelewe |
| **Verantwoordelike afdeling** | Werknemerwelstand<br>Studentelewe<br>Beskermingsdienste |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 17 Junie 2021 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | 2024 |

Mense en Kultuur

# BELEID OOR BORSVOEDING IN DIE WERKPLEK

## 1 Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) die Beleid oor Borsvoeding in die Werkplek op 17 Junie 2021 aanvaar.

## 2 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met die:

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993;
- Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995;
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997;
- Wet op Indiensnemingsgelykheid, 55 van 1998;
- Kode van Goeie Praktyk oor die Beskerming van Werknemers Tydens Swangerskap en Ná die Geboorte van ŉ Kind, Regulasie 1441 gepubliseer in *Staatskoerant* nr. 6342 van 1998 ingevolge artikel 87(2) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997.

## 3 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en verwante dokumente –

beteken **"borsvoeding"** die normale manier om babas te voorsien van die voedingstowwe wat hulle nodig het vir gesonde groei en ontwikkeling, naamlik eksklusiewe borsvoeding, gedeeltelike borsvoeding, troosborsvoeding, of eksklusiewe uitpomp van borsmelk met ŉ borspomp;

verwys **"welsyn"** na ŉ positiewe staat van fisieke, spirituele, maatskaplike en emosionele welstand;

verwys **"student"** na ŉ geregistreerde student van die NWU.

## 4 Omvang van Toepassing

Die bepalings soos vervat in hierdie beleid geld vir alle werknemers en studente van die Noordwes-Universiteit.

## 5 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om, in die belang van die welstand van sy werknemers en studente, te erken dat borsvoeding bydra tot die algehele welstand van ouers en kinders, en om gevolglik ŉ raamwerk daar te stel om borsvoeding aan die Noordwes-Universiteit te bevorder, tot voordeel van werkende moeders (ook studente) van babas en kleuters.

## 6 Reëls

- Hierdie beleid moet aan alle personeel en studente van die Noordwes-Universiteit gekommunikeer word.
- Na haar terugkeer van kraamverlof moet ŉ werknemer wat wil borsvoed haar direkte lynbestuurder daarvan in kennis stel sodat die nodige reëlings getref kan word.
- Die lynbestuurder moet toesien dat redelike voorsiening gemaak word in die werkplek om vroulike werknemers te akkommodeer wat versoek om te borsvoed of borsmelk uit te pomp in ŉ skoon, gerieflike en privaat fasiliteit.
- Alle werknemers in voltydse posisies (8/8) en studente wat borsvoed, moet twee maal per dag

30 minute tyd gegun word om te borsvoed of om borsmelk uit te pomp – vir die eerste ses maande nadat hulle teruggekeer het na die werk. Werknemers met halfdagaanstelling (5/8) moet een maal per dag 30 minute tyd gegun word om te borsvoed of om borsmelk uit te pomp – vir die eerste ses maande nadat hulle teruggekeer het na die werk. Ná ses maande moet borsvoedende vroue met hul werkgewers gesels om reëlings te tref om borsvoeding te ondersteun.

- Daar mag nie van ŉ borsvoedende werknemer of student verwag word om werk te verrig wat gevaarlik is vir die gesondheid van die werknemer of student of die gesondheid van haar kind nie.
- Die lynbestuurder moet via die Eenheid vir Beroepsgesondheid en Veiligheid risiko's vir die gesondheid van borsvoedende werknemers en hul babas of kinders assesseer en beheer.
- Indien vermoed word dat tyd misbruik word, kan die lynbestuurder ondersoek instel en optree volgens die Noordwes-Universiteit se Gedragsbeleid.